

### **Julle sal krag ontvang**

Wanneer ons die boek Handeling begin lees, moet ons in gedagte hou dat Lukas nie net skryf om inligting oor te dra nie, maar veral ook om die gelowiges te versterk, te bemoedig. Handeling het immers in 'n tyd van stryd ontstaan. Die navolgers van Christus het dit nie maklik gehad nie. Die *Jode* wou met mag en mening toesien dat hierdie nuwe “sektariese” beweging nie op dreef kom nie. Daarom het hulle van die begin af heftig teenstand gebied en selfs vervolgings teen die Christene ingestel. Daarom is dit so veelseggend dat Christus heel aan die begin (voordat hulle nog “amptelik” met hulle dienswerk begin) vir die apostels (hulle wat oog- en oorgetuies van Jesus Christus se lewe en werk, maar veral van sy opstanding, was) die krag van die Heilige Gees in hulle dienswerk toesê.

Omdat hulle en ander volgelinge van Christus swaargekry het, vra hulle in vers 6 of Jesus nou die koninkryk van Israel gaan oprig. Hulle het nog nie mooi verstaan wat “die koms van die koninkryk van God” beteken nie. Hulle het waarskynlik 'n “nasionale koninkryk”, 'n letterlike, aardse koninkryk, in gedagte gehad. Jesus wys die apostels daarop dat dit nie vir hulle beskore is om te weet hoe God se tydskedules werk nie. Al wat hulle moet weet, is dat hulle 'n opdrag het wat met die koms van die koninkryk in verband staan. Die opdrag is dat hulle getuies moet wees van die blye boodskap dat God deur Jesus Christus se kruisdood en opstanding vir die mens verlossing bewerk het.

Hieruit kan ons ook leer dat Christus die middelpunt van ons eie getuienis moet wees. Die mens en dit wat hy/sy doen, mag Christus nooit verdring nie. Die gelowige se vraag mag nooit “wanneer” wees nie, maar “hoe”: Hoe kan ek meewerk dat Christus weer spoedig sal terugkeer?

Hulle kan hierdie opdrag van hulle nakom omdat hulle krag sal ontvang wanneer God die Heilige Gees aan hulle sal gee. Deur die krag van die Heilige Gees sou hulle dinge doen waarvoor hulle vroeër nie kans gesien het nie (vgl. Hand. 4:33). Die krag wat ons van die Heilige Gees ontvang, het nie net te doen met bonatuurlike of buitengewone krag nie. Nee, dit beteken ook dat ons die moed, vreesloosheid, insig, bekwaamheid en vermoë sal hê om ons Goddelike opdrag uit te voer. Die Heilige Gees is God se dinamo, sy “kragopwekker” wat ons voortdurend in staat stel om met woord en daad na die Koning van alle konings heen te wys. Hy moet altyd en in alles verheerlik word!

*Sing: Skrifberyming 15-1:1, 3, 4*

*Ds. HJJ Krüger (Bultfontein)*